

Gereformeerde Kerk Bellville – 12 Junie 2016 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 14-1:2, 3

- 2 Wees, Christen, in jou Heer versterk, / want Hy wil altyd in jou werk om kwaad en sonde te weerstrew. / Verrig jou taak met vaste hand, en doen jou woord altyd gestand; / wil daarby rein en matig lewe. En wil die Here dat jy ly, / o Christen, leer geduld daarby!
- 3 Beoefen die godvrugtigheid / en wees jou medemens altyd tot voorbeeld in jou lewenswandel. / Jy moet uit liefde teenoor God, in opdrag van die groot gebod, / uit liefde tot die naaste handel. O God, staan met u Gees ons by / sodat u liefde in ons bly.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 97:1, 7 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer, en juig, saam met die strande / van afgeleë lande. Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit; sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 7 Gods vriend'like aangesig / straal vrolikheid en lig deur duisternis en smarte / vir alle opregte harte. Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby! Verheug u in die HEER! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Skrifberyming 9-1:10, 11 (26:10, 11)

- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod. Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrew, / genade is al waar ons op pleit; gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Gebed

Psalm 99:1, 2 (p. 492)

- 1 God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer, / eer die God wat troon, / waar die géruks woon; wat in Israel / sy gerig bestel. / Aarde en al wat lewe – / laat dit voor Hom bewe!
- 2 God wat help in nood, / is in Sion groot; / al die volkemag / niks by Hom geag! Hoog gedug 's sy Naam. / Laat hul almal saam / lofsing tot sy ere! / Heilig is die HERE!

Skriflesing: Amos 5:1-20

Kernverse: Amos 5:14-15

Soek wat goed is, en nie wat sleg is nie, sodat julle kan lewe en die HERE, die God van die leërskaer, só met julle kan wees soos julle sê. Julle moet haat wat sleg is en liefhê wat goed is, en handhaaf die reg in die poort – miskien sal die HERE, die God van die leërskaer, Hom ontferm oor die oorblyfsel van Josef. (Amos 5:14-15 AFR53)

Tema: God met jou beteken ook vrede tussen God en mens

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, om as 'n herder in die kudde van die Here te werk is regtig aangename werk. 'n Mens is dan besig om lidmate van Jesus Christus te vertrou en te bemoedig met die Woord van die Here. En vir elkeen wat al so betrokke was met medegelowiges is dit goed om te sien hoe die medegelowige deur die werking van die Heilige Gees weer moed skep om in die spore van Jesus Christus te volg.

Sulke pastorale werk is ook 'n groot verantwoordelikheid wat 'n mens net biddend kan doen, want geen mens kan in die hart van 'n ander mens sien nie. Daarom moet 'n mens baie versigtig wees om nie somer aannames en afleidings oor so 'n mens se verhouding met die Here te maak nie. Wanneer iemand oortuig is dat sy verhouding met die Here goed is – dat hy met God wandel en daar vrede tussen hom en God is – en jy konfronteer hom omdat jy 'n aanname gemaak het – of jou aanname reg of verkeerd is maak nie saak nie – gaan daardie gelowige net al dieper inkruip agter sy skans van wat hy dink oor sy verhouding met die Here. En die gevolg is dat die vertrou tussen jou en die medegelowige skade gely het. Verdere diep persoonlike geloofsgesprekke word dan bykans iets van 'n onmoontlikheid.

Hoe moet 'n mens nou maak? Omdat 'n mens vir die ander gelowige omgee, kan 'n mens jou eie gewonder oor sy verhouding met die Here nie somer maar net los nie. Volstruispolitiek het nog nooit iets wat verkeerd is reggemaak nie. Ja, 'n mens kan miskien dalk 'n bietjie tyd gee om die medegelowige beter te leer ken. Miskien was jou afleiding oorhaastig. Maar wanneer jy die medegelowige al baie goed ken en die onrustigheid bly by jou oor sy verhouding met die Here dan moet iets gedoen word. Oor wat 'n mens dan moet doen, leer die Heilige Gees ons vanoggend in Amos se werk onder die mense van Israel.

Broers, susters en kinders, in vers 14 tot 20 is Amos besig om stilletjies twyfel te saai by Israel oor hulle verhouding met die Here. Sy bedoeling is om hulle sover te kry dat hulle self vrae vra oor hulle verhouding met die Here – vrae soos: Kan dit regtig wees soos wat ons gedink het dit is? Met hierdie prediking dring hy tot hulle deur waar hulle verskans in hulle loopgrawe lê. En die skans waaragter Israel hulle bevind is hierdie een: Die HERE is met ons!

Daar heers by Israel 'n selfversekerdheid. Hulle is immers die nageslag van Abraham met wie die Here sy verbond gesluit het. En die Here het aan Abraham, Isak en Jakob die belofte gemaak dat Hy met hulle sal wees. Hierdie belofte is in besonder gekoppel aan Berseba – die tweede van die drie aanbiddingsplekke wat die Here in vers 5 noem.

Berseba het sy naam gekry oor die ooreenkoms wat Abraham en die heidense koning Abimeleg met mekaar aangegaan het (Gen 21:22-33). Dit is Abimeleg wat aan Abraham gesê het dat God met hom is in alles wat hy doen. En dit is omdat die Here met Abraham is dat Abimeleg 'n ooreenkoms met Abraham wou aangaan dat hulle in vrede met mekaar sal lewe. Sodoende het die tema van Berseba geword: Die HERE is met jou.

Isak het ook by geleentheid by Berseba aangedoen (Gen 26:23-24). Die Here het in 'n naggesig vir Isak gesê:

Ek is die God van Abraham, jou vader. Moenie bang wees nie, want Ek is met jou; en Ek sal jou seën en jou nageslag vermeerder ter wille van Abraham, my kneg.
(Genesis 26:24 AFR53)

Jare later toe Jakob op uitnodiging van sy seun Josef op pad was na Egipte het hulle ook by Berseba aangedoen (Gen 46:1-4). Die Here het ook aan hom in 'n naggesig gesê:

Ek is God, die God van jou vader. Moenie bevrees wees om na Egipte af te trek nie, want Ek sal jou daar 'n groot nasie maak. Ek sal saam met jou aftrek na Egipte, en Ek sal jou gewis ook weer laat optrek; en Josef sal jou oë toedruk.
(Genesis 46:3-4 AFR53)

Al drie die aartsvaders het dus die belofte van die Here se gemeenskap met hulle ontvang – Ek is met jou. Omdat Israel die belofte van Berseba – die HERE is met ons – op hulleself betrek het, was hulle selfversekerd oor hulle verhouding met die Here. Daarom kan 'n mens jouself die skok en ongeloof by Israel indink toe Amos op bevel van die Here gesê dat hulle nie na Berseba moet gaan nie. En boonop ook nog te hoor dat die Here met hulle is op grond van heeltemal iets anders as wat hulle gedink het. Hulle het gedink dat hulle in gemeenskap met God lewe net omdat hulle van Abraham afstam. Maar gemeenskap met God is nie iets wat outomaties gebeur nie. Net omdat jou en my voorouers Christene is en hulle die gemeenskap met God geniet het, beteken nie dat ons ook outomaties daarop kan aanspraak maak nie.

'n Vraag wat by 'n mens opkom: Kan 'n mens regtig aanneem dat jy met God wandel en terselfdertyd nie sy majesteit en heiligheid ken nie? Dit wil voorkom asof dit die geval was by Israel. Hulle het sommer maklik aanvaar dat hulle met God wandel en God met hulle. Sonder om Israel trompop te loop en te sê dat hulle verkeerd is, beklemtoon Amos die heiligheid en majesteit van God. Drie keer na mekaar praat Amos van **die HERE die God van die leërskaare**. Ons wat nou al lank deur die Here onderrig word, weet as die Here iets so herhaal dan wil Hy 'n punt aanvoer. Die Here is die almagtige God – Hy is die God van die leërskaare.

'n Mens kan maklik en vinnig sê dat God met jou is en jy kan 'n klomp bewyse daarvoor aanvoer. Maar as 'n mens besef hoe heilig en almagtig die Here regtig is, behoort 'n mens mooi te dink: Kan ek werklik in die toestand wat ek is – 'n selfvoldane sondaar – met die heilige God lewe en gemeenskap hê? Maar ons mense dink baie maal te veel van onself. Miskien moet ons eerder die vraag omdraai. Twyfel die heilige en almagtige God nie miskien of Hy met my wil wandel nie? Adam sou baie maklik in die tuin van Eden kon bly solank as wat hy vir die Here kon wegkruip. Maar dit is die Here wat geweet het dat Adam weens sy sonde uit die tuin verban moes word.

Nadat Amos die heiligheid en almag van God beklemtoon het, spreek hy die Here se eie woorde oor Israel uit (Amos 5:16, 17). Dié boodskap is 'n boodskap van algehele wanhoop. Oral sal daar 'n geweene wees – in die dorpe en op die platteland. Almal sal huil – die boere, mense wat miskien nie maklik huil nie, en ook hulle wat professionele huilers is – die mense wat weet hoe om treurliedere te sing. Selfs op die plekke wat gewoonlik met blydschap geassosieer word, sal daar gehuil word – in die wingerde.

Amos maak die wanhoop nog duideliker. Niemand sal hierdie wanhoop kan ontvlug nie. Dit is soos 'n man wat vir 'n leeu vlug. En net wanneer hy dink dat hy dit kon regkry om van die leeu af weg te kom, loop hy hom vas in 'n beer. Of as hy dit kan regkry om ook van die beer af weg te kom en dink hy is veilig in sy huis, leun hy teen die muur en 'n slang pik hom. Met hierdie woorde in vers 19 beklemtoon die Here die mens se absolute hopeloosheid uit. Daar is geen manier waarop 'n mens die wanhoop sal kan ontvlug nie.

Maar die boodskap wat wanhoop veroorsaak is nog nie klaar nie. Die dag van die HERE waarna Israel met soveel verlange uitgesien het, sal nie wees soos wat hulle gedink het dit sal wees nie. Hulle was onder die indruk dit is die dag waarop die Here al hulle vyande sal

verdelg en hulle ewe gelukkig en vrolik alleen saam met die Here gaan oorbly. Dit sal nie 'n dag van lig en vrolikheid wees nie maar 'n dag van duisternis en droefheid.

En wat veroorsaak al hierdie wanhoop, hopeloosheid en duisternis? Niks besonders nie, net die HERE wat in hulle midde deurtrek (Amos 5:17). Die HERE doen niks eers nie. Hy trek

net stilletjies deur hulle midde. Dit wat hulle so gemaklik en vanselfsprekend aanvaar het – die HERE is met ons – doen die HERE. Hy maak Homself in hulle midde teenwoordig in al sy heiligheid en majesteit. En die gevolg is hierdie wanhopige gehuil, 'n gevoel van hopeloosheid en totale duisternis.

Israel het gedink dat hulle gereed is om die Here te ontmoet, maar hulle was nie. En wat dit nog erger maak, is dat hulle nie besef het dat hulle nie gereed was om die Here te ontmoet nie. Mense sê vandag steeds maklik dat hulle naby die Here Jesus lewe. Uit party mense se praatjie klink dit eerder asof Jesus hulle maatjie is en nie hulle Here nie. Daarom moet ons onself ook maar afvra: Is ons regtig gereed om die Here Jesus te ontmoet? Ja, Hy is die Verlosser en Hy het Homself ter wille van mense aan die kruisdood oorgegee. Hy is inderdaad vol liefde en genade. Maar Hy is ook regverdig en heilig. Dit moet 'n mens nooit vergeet nie.

Gaan lees maar weer wat gebeur het toe Johannes die opgestane Here Jesus weer ontmoet het na sy hemelvaart. En ons weet Johannes is die dissipel vir wie Jesus baie lief was. Dit staan so vir ons in die evangelie geskryf. Johannes het Jesus nie om die hals geval toe hy Hom in sy heerlikheid en heiligheid weer sien nie. Hy het by sy voete neergeval en bly lê soos een wat dood is. As dit met Johannes gebeur het, wat gaan met my en jou gebeur?

Dit is een ding om te sê dat die HERE met 'n mens is, maar dan moet 'n mens ook weet dat gemeenskap met God vereis dat daar vrede tussen God en die mens moet wees. 'n Mens wandel tog met iemand met wie 'n mens dieselfde doelwitte nastreef. Niemand kan met God wandel en met Hom gemeenskap hê as hy nie van plan is om te soek wat goed is nie. Die Here sê:

Soek wat goed is, en nie wat sleg is nie, sodat julle kan lewe en die HERE, die God van die leërskaare, só met julle kan wees soos julle sê. (Amos 5:14 AFR53)

Dit wil sê, om tuis te wees in die geselskap van die Here moet 'n mens strew na die dinge wat die Here self ook begeer en doen. Dan streef 'n mens mos na dieselfde doelwit as waarheen die Here op pad is met sy skepping. In hierdie opdrag wat die Here gee in vers 14 is daar vier dinge waarna ons moet oplet.

Ten eerste, wanneer 'n mens jou daarop toelê om 'n heilige lewe te lei – dit is 'n lewe wat tuis is in die teenwoordigheid van die Here – is dit 'n positiewe sowel as 'n negatiewe handeling. Positief – soek wat goed is; en negatief – moenie soek wat sleg is nie. Rig jou hart en gedagtes op Christus wat aan die regterhand van God sit, want in Hom is ons lewe geborge. En terselfdertyd vlug 'n mens weg van die dinge wat jou verhouding met die Here in ge-drang bring.

Ten tweede behels 'n heilige lewe dae sowel as emosies. *Soek wat goed is en nie wat sleg is nie ... haat wat sleg is en het lief wat goed is.* 'n Heilige lewe is nie maar net 'n ander baadjie wat 'n mens aantrek nie. Dit is iets wat uit die hart uit kom en neerslag vind in 'n mens se optrede.

Nou is dit tog opmerklik dat die daad eerste genoem word in vers 14 en daarna die emosie in die hart. Hoe dikwels het dit nie al gebeur dat gelowiges niks gedoen het nie omdat hulle nie die drang om dit te doen in hulle hart gevoel het nie? Die Here gee die opdrag om die goeie te soek en te doen. Ons moenie wag totdat ons die goeie begin liefkry voordat ons dit doen nie. Van nature het mense nie die goeie lief nie. Daarom gee die Here die opdrag om te doen wat reg is. In sy genade sal Hy ook die liefde vir wat reg is in 'n mens se hart laat groei. Maar selfs al laat Hy nie die liefde vir die regte in 'n mens posvat nie, doen 'n mens wat reg is omdat dit reg is in die oë van die Here en nie omdat daar 'n emosionele bevrediging in is nie.

Ten derde het goed doen en die goeie liefhê nie net met 'n mens se persoonlike verhouding met die Here alleen te doen nie. 'n Heilige lewe is nie iets wat eksklusief en privaat met die Here beleef word nie. Daarom gaan die Here in vers 15 van die emosie om die goeie lief te hê dadelik oor na die praktiese daarvan: **en handhaaf die reg in die poort**. In daardie tyd was die poort gelykstaande aan die hof, want die oudstes van 'n stad het in die poort vergader om hofsake aan te hoor.

Wanneer 'n heilige lewe saam met God nie neerslag vind in die samelewing nie – in die wyse waarop die reg onderling met mense in die daaglikse lewe gehandhaaf word nie – kom daar 'n vraagteken oor die verhouding met die Here. 'n Heilige lewe saam met God is nie iets wat net in die privaatheid van 'n binnekamer beoefen word nie. God is immers alomteenwoordig. Hoe 'n gelowige in die privaatheid van sy huis met die Here lewe, so moet hy ook lewe tussen alle ander mense, anders is sy geloofslewe ook maar net praatjies en niks meer nie.

In die vierde plek is 'n heilige lewe nie iets wat 'n mens ook maar net doen nie. 'n Heilige lewe is die eintlike lewe. Luister hoe leer Amos ons hier. Wanneer 'n mens jou daarop toelê om heilig te lewe dan kry 'n mens die lewe en beleef 'n mens die teenwoordigheid van die Here, en die moontlikheid is daar dat 'n mens opnuut genade van die Here kan verkry. Dit is deur gehoorsaamheid aan die Here dat die Here sy seën en genade meer en meer aan sy mense gee, alhoewel hulle nie reg het op die genade van die Here nie. Niemand verdien genade nie. As 'n mens genade kon verdien, sou dit nie meer genade wees nie.

Maar nou kan 'n mens vra: Sal die Here miskien nog genade wil gee aan mense soos ons? Ons is en bly dan nog steeds sondears wat geneig is tot die kwaad. Israel kon ook vra: Sal die Here ooit weer genade aan ons bewys? Kyk net na die boodskap wat wanhoop en hopeloosheid blootlê by ons. Kyk net hoe ver is ons van waar ons gedink het ons is. Ons was onder die indruk dat God met ons is. En nou word dit duidelik dat dit nie regtig so is nie.

Ons mense kan hoogstens sê **miskien sal die Here Hom oor ons ontferm**, omdat ons nie reg op sy genade het nie. Maar in die hart van die goeie God is daar nie iets soos 'n miskien nie, want Hy vergeet nooit om genadig te wees nie. Israel hoor dit in die woorde in vers 15 – **die oorblyfsel van Josef**.

Hoekom word Josef se naam hier gebruik? Jakob is mos die eintlike aartsvader aan wie Israel hom verbonde gevoel het. Die Here gebruik Josef se naam om Israel daaraan te herinner dat Josef die een is oor wie die belofte van Berseba regtig waar geword het, selfs

toe dit gelyk het asof die Here nie weer genade sal bewys nie. Toe Josef as slaaf verkoop is, was God met Josef (Gen 39:2), en toe hy onregverdig in die tronk beland het, was die Here met Josef (Gen 39:21), en hoe langer hy in die tronk was, hoor ons nog steeds dat die Here met Josef was (Gen 39:23). En wanneer Josef uiteindelik uit die tronk verhef word tot in die troonsaal van die farao vra die farao: **Kan ons wel iemand vind soos hierdie man in wie die Gees van God is?** (Genesis 41:38 AFR53).

God was regtig met Josef. Maak nie saak hoe baie keer ons die een teenslag na die ander in ons verhouding met die Here beleef nie – hoe ons sukkel om heilig te lewe, hoe ons sukkel om van 'n valse gerustheid ontslae te raak nie. Die genade van die Here het ons gebring tot waar ons nou is. Ter wille van sy Seun Jesus Christus sal God nie sy genade vergeet nie. Ter wille van sy Seun spreek Hy ons vanoggend skerp aan om nie ons verhouding met Hom as vanselfsprekend te aanvaar nie. Ook dit is genade wat Hy aan ons bewys.

Amen!

Slotgebed

Psalm 101:1, 2, 4 (p. 496)

- 1 'k Wil in my lied van reg en goedheid sing / en U daarvoor my hoogste hulde bring.
Opregtheid sal ek, HEER, bo alles ag, / en U verwag.
- 2 My wandel, waar ek in my huis verkeer, / was in opregtheid, om U reg te eer;
my strewe altyd hoog, bedagsaam, reg, / van laagheid wég.
- 4 My oog sal wees op wie opreg en trou / die regte spoor van Gods bevel wil hou;
hy is my vriend en dienaar wat wil gaan / my agteraan.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 146:1, 8 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die Heer.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die Heer!

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
12 Junie 2016